Hereksamens vir matrieks wyd afgeskiet

Alet Rademeyer

Die Raad van Onderwysministers (ROM) se plan om matrikulante wat vanjaar druip volgende jaar 'n tweede kans te gee om hul eksamen in Mei oor te skryf, is gister uit verskeie oorde veroordeel.

Die ROM het dié besluit vandeesweek in Kaapstad goedgekeur.

Dr. Elda de Waal, dosent in onderwysreg aan die skool vir opvoedkundige wetenskappe aan die Vaaldriehoek-kampus van die Noordwes-Universiteit (NWU), het gesê sy hoop regtig nie dié aankondiging spruit uit die huidige staking van onderwysers nie.

"Die minister behoort geloof te word dat sy besef dat daar 'n krisis rakende vanjaar se matrikulante is. Maar as dit bloot is omdat sekere onderwysers nie nou klasgee nie, is dit om die verkeerde redes."

De Waal meen hoewel die gedagte edel is, kan dit enorme probleme tot gevolg hê, soos leerlinge wat dink hulle kan nou maar laat slaplê, "want hulle gaan mos 'n tweede kans kry".

Sy meen as die regering 'n uitsondering vir gr. 12- leerlinge maak, hoekom nie ook vir gr. 11-leerlinge nie? "Húlle kan seker ook met reg aanvoer dat die nuwe kurrikulum vir hulle te moeilik was om te bemeester en dat hulle ook 'n tweede kans verdien."

Volgens De Waal is die vraag ook of die vergunning vir alle matrikulante gaan geld en of diegene wat sekere vakke wil verbeter of persoonlike probleme soos die afsterwe van familie gehad het, ook 'n tweede kans gaan kry.

Prof. Kobus Maree, verbonde aan die fakulteit opvoedkunde by die Universiteit van Pretoria (UP), het ook 'n probleem met die onderwysdepartement se ad hoc-beplanning. "Dit is sake van nasionale belang en mens kondig nie 'n ingrypingsplan in Junie aan nie. 'n Mens verwelkom die toegewings, maar dit laat 'n wrang smaak."

Maree het gesê die besluit om matrikulante middel volgende jaar 'n tweede kans te gee, het ook gevolge vir hoër onderwys.

"Die vraag is, op grond van watter uitslae gaan universiteite studente moet toelaat? Is daar enigsins met instellings hieroor gekonsulteer? En op grond van watter uitslae gaan jy sekere studente toelaat en ander wegwys?"

Maree het ook talle onderwysers se vrese verwoord. Is dit 'n nasionale plan? Gaan elke skool sy druipelinge moet terugneem en onderrig totdat hulle weer eksamen skryf of gaan hulle dit op hul eie moet regkry? En watter onderwysers gaan, gegewe die geweldige druk op hulle, hiervoor beskikbaar wees?

"Dis 'n ondeurdagte plan, wat talle logistieke vrae laat ontstaan," meen Maree.

Die onderwysdepartement het vroeër aangekondig dat matrikulante wat die ou matriek skryf tot 2011 tyd sal hê om die sertifikaat te verwerf.

Hulle sal dit deur Abet of kolleges vir verdere onderwys en opleiding kan doen.

Vanaf volgende jaar skryf matrikulante die nuwe uitkomsgerigte matriek, waar 'n minimum van sewe vakke, waarvan vier verpligtend is, gevolg word.